# STROOM-OP

**KWARTAALBLAD VAN DIE AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL EN DIE AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL** **JUNIE 1972**


## STROOM-OP, DIE BLAD VAN DIE LEERLINGE

Stroom-op moet die mondstuk wees van die seuns en dogters van ons twee skole. Daarin moet julle jul standpunte stel ten opsigte van enige saak. Daarin kan julle adverteer enige artikel wat van die hand gesit wil word, teen geen koste hoegenaamd nie. Is dit nie 'n gulde geleentheid nie?

Ons almal kan deel hê aan Stroom-op Van die kleinste sessie tot die grootste en langste MATRIEK. As jy iets of iemand wil kritiseer, plaas dit op swart en wit, gee dit aan ons met jou naam en ons publiseer dit onder 'n skuilnaam. En as 'n brief eers geplaas is, geniet die skrywer volle geheimhouding van sy identiteit.

Om die briewekolom te lei sal ons op die kennisgewingborde aandui watter onderwerpe onder bespreking kan kom. Dit sal spruit uit; brief wat ontvang is en wat volgens die redaksie 'n wisseling van gedagtes kan uitlok. Dit is dus duidelik dat dit enige persoon vrystaan om 'n bespreking te begin. Ook sal ons sekere sake wat 'n mening van die skrywers werd is langs hierdie weg bekendstel en inlei.

Wat betref die gebeure in die skoollewe: as 10c op 'n dag die skool kan afbreek sal die res van die wêreld graag wil lees hoe en waarom hierdie sukses bereik kon word. Enige flater van die onderwysers se kant af moet gerug gemaak word — ons mag nie ons ou maats in onkunde hou oor wat hulle raak nie.

Die onnies op hul beurt kan ook 'n bydrae lewer.

Bydraes kan enige tyd van die kwartaal in briewebüsse gegooi word. Hierdie stelsel tree van volgende kwartaal af in werking wanneer meer besonderhede verskaf sal word.

Dit is die kans om jou sê te sê, skryf dit.

**Johan Badenhorst.**



# PUIK RUGBY VANJAAR

Na die suksesvolle toer na Natal en die wedstryde teen Middelburg Tegnies, het ons met 'n effense huiwering uitgesien na ons eerste administrateursbekerwedtryd teen H.F. Verwoerd omdat daar vertel is dat Verwoerd se eerste span byna dieselfde spelers bevat het as die vorige jaar.

By Hendrik Verwoerd het dit egter baie goed gegaan en het meeste van ons spanne gewen.

Die spanning het duidelik voelbaar begin oplaai hoe nader die hoofwedstryd gekom het. Veral toe ons tweede span naelskraap net-net kon wen. Toe die Affies egter op die veld draf en begin speel, was dit duidelik wie die wenner sou wees. Die eindtelling was 17-7 in Affies se guns en om in hierdie

(Vervolg op bl. 11)

# Kermis 1972 sal 'n hoogtepunt wees

As 'n onderneming die moeite werd is dan steun die Affies dit soos een man. En as dit gebeur dan is die sukses daarvan verseker.

Die waarheid van hierdie stelling is vanjaar telkens bewys en, sedert ons Kermisprojek geloods is, ondubbelsinnig beklemtoon. G'n wonder dus dat die manne gees gevang het, die entoesiasme hoog loop en die aanduidings daar is dat alle vorige rekords oortref gaan word nie!

Die langgekoesterde ideaal van 'n eie ontvangslokaal waarin die skool (en veral [illegible] flukse moeders) ons gaste tydens byeenkomste kan onthaal, lyk op die stadium al byna na 'n voldonge feit. Wanneer die gebou en die ekstra kleedkamers weldra verrys, word 'n sport- en ontspanningskompleks soos min voltooi en nog 'n hoofstuk toegevoeg tot die roemryke annale van ons skool.

Ons sien vanjaar op haas elke terrein die vrugte van hartlike samewerking, gesonde skoolgees en belowende inisiatief. Daarom is ek oortuig dat die Kermis van 18 en 19 Augustus 'n besondere hoogtepunt sal wees en dat dit nie alleen vir die wenners van die GROOT pryse nie maar vir elke Affie, vir elke ondersteuner en vriend 'n aangename en verrykende ervaring sal wees.

Dit bly steeds 'n voorreg om vir die Afrikaanse Hoër Seunskool te werk.

**J.D.V. Terblanche.**



## MEGANIES DIE UWE

My liefste Izabella,

Oor jou dreun my hart soos 'n kar waarvan die „bearings knock". Die liefdesdrome vloei deur my soos water deur 'n ou „radiator". Met jou vaartbelynde liggaamsbou soos 'n „1940 Oldsmobile" het jy 'n nasionale pad deur my binneste gejaag.

My hart is „gepuncture", en slegs met die „solution" van jou liefde kan dit weer „gepatch" word. As ek so na jou kyk, klop my hart in die hoogste versnelling. Gee my tog net die jawoord, dan „reverse" ek tot in jou arms. Moet tog nie dat jou liefde vir my so maklik in „low-gear" hardloop nie. As jy my nou in die steek laat, sal ek sommer koers kry met Super Caltex.

Ag, draai tog die „steering" van jou liefde in my „direction" want sonder jou is my hele lewe 'n „breakdown." As jy naby my kom, klim die naald van my „speedometer" en my „plugs" „spark" weer met nuwe vuur.

**Jou oliebesmeerde garage-engel,**
**Mercedes-Benz.**

**CHRISTA DE WET — 9D**

# OOM JAN SÊ TOTSIENS

Mnr. J.T. du Preez, ons vise-hoof tree aan die einde van hierdie kwartaal af. Hy is reeds sedert Januarie 1951 aan Affies verbonde.

In 'n onderhoud het mnr. du Preez die volgende gesê:

„Wanneer ek aan die einde van hierdie kwartaal aftree, gaan ek vir 'n jaar lank rondtoer. Daarna sal ek moontlik gaan boer of een of ander betrekking aanvaar.

„Wanneer ek terugdink aan my 21 jaar verbondenheid aan die skool, dan is daar die volgende hoogtepunte wat ek sal onthou: die één jaar toe ek 34 onderskeidings in wiskunde in my matriekklas gekry het; die vyftigjarigebestaansfees van die skool in 1970 die laaste keer in 1970 toe ons die administrateursbeker verower het, en dan vanjaar se wedstryd teen Boy's High. Dit was pragtig!"

Op die vraag of hy vir Affies sal mis, het mnr. du Preez gesê: „O ja, beslis. Affies het deel van my geword. As daar iets is wat ek werklik sal mis, is dit die seuns.

Ek wil ten slotte net die volgende aan die seuns sê: „Baie dankie vir julle lojaliteit deur die jare. Onthou: Hou Affies se naam hoog."



*Mnr. J.T. du Preez; aan die einde van 'n lang skof.*

## RAAI WIE?

Die volgende gesegdes is tipies van sekere van ons personeellede. As jy kan raai wie dit is, is jy al goed „geskoold."

- Dit is inderdaad vir my 'n groot voorreg en genoë om vanoggend. . . .
- Kollegas . . . uh . . . ek bedoel seuns . . . .
- Kêrels, wiskunde is nie vir ape nie!
- Ja, julle dink mos ou Soppies is stupid, nê!
- Het julle gehoor van huh-ha-hu-ha. . . .
- Kêrelth, hou op om thimpel te weeth.
- Stap an, stap an!
- Ek ken hom persoonlik. . . .
- Lyfstraf sal dienooreenkomstig toegedien word.
- Stem julle saam? R1 vir dié een wat die som kan doen.
- Ben jy gestoot of heb jy poffertjies?!
- Seuns, gebruik julle diafragmas.
- Sit so regop soos 'n emmertjie vlieë op 'n worshond se rug.
- Bulletjies, die fliek het al lankal begin!
- Ek probeer julle nie vasvra nie. Ek toets net. Ken jy jou werk. Verstaan jy jou werk.
- Moenie daar sit en poer-poer nie!
- Ons begin ons werk met 'n groot gejuig.
- Moenie julle blikke so baie van die banke af gooi nie!
- Hy is nie dom nie, Mevrou, hy leer net swaar.
- Jou pleb!
- Enter thou the gates of joy.


Hierdie spasie is geskenk deur

**GROENKLOOF APTEEK**

**DIE KELDER**
**(EDMS.) BPK.**

Amptelike verskaffers van Afrikaanse Hoër Seunskool se voorgeskrewe skooldrag.

**20% KORTING VIR KONTANT**

*Affies verkies altyd hul oudste kleurverskaffers.*

★★★

L.W. Ons adres:
Pretorium-gebou,
Kerkstr.,
PRETORIA.
**FOON 2-7070**

DIE NASIONALE
**BOOMLYS**

'n volledige lys van al die inheemse bome met hulle nommers, wetenskaplike name, gewone name en families

PRYS 75 SENT BY DIE
**VAN SCHAIK BOEKHANDEL**

## SKOMMELING VAN DIE BREINSELLE

**Gegee:** Skeinat-huiswerk. Gaan doen die eksperiment om vas te stel of rooi kwikoksied ontbind in kwik plus suurstof as dit verhit word. Skryf ook die gevolg neer.

**Onthou:**

(i) Kwik wat op 'n vloeroppervlakte geval het, verdwyn gou-gou en het 'n eienaardige gevolg.

(ii) Sommige vloeistowwe prikkel die neusvliese en veroorsaak verskeie versteurings.

**Waarskuwing:** Jy mag nie sonder 'n bewys by die skool opdaag om aan te toon dat jy wel die eksperiment probeer het nie.

Tuis het ek myself eerstens weerbaar gemaak deur my broer se judopak aan te trek sowel as my ma se tuinhandskoene. Op my kop het terselfdertyd my swempet beland en in die hoek is die waterbottel geplaas. Tweedens het ek soos 'n wafferse skeikundige begin eksperimenteer.


Ek het die proefbuis met die kwikoksied stewig met die draadtang (ek het nie 'n knyptang gehad nie) oor die brander gehou. Na tien minute het daar 'n reaksie ingetree en my konsentrasie- en innemingsvermoë het by elke sekonde gestyg omdat my eksperiment sover so geslaagd was. Die rooi kwikoksied het geleidelik in blink kwik en suurstof ontbind en so beïndruk was ek, dat ek myself eendag as 'n skeikundige in 'n laboratorium gesien het. Met al my denkery het my hand stadig maar seker na die warm proefbuis beweeg en 'n halfminuut later was daar 'n geweldige reaksie met baie pynlike gevolge. Die tang het soos seep gegly, en op my voet beland, terwyl die proefbuis aan flenters geval het en die kwikdruppels die een na die ander verdwyn het. Die judopak het vlam gevat, en soos 'n besetene het ek die waterbottel op my omgekeer, maar dit was die laaste strooitjie. Verkoue het my met al tien sy gulsige vingers vasgegryp en toe het skok ingetree. Soos dit egter betaamlik is vir 'n goeie skeikundige, het ek my waarneming en gevolg duidelik uiteengesit.

**Waarneming:** Die kwikoksied het ontbind in kwik en suurstof, maar die kwik he verdwyn nadat dit geval het en ek weet nie waarheen die suurstof verdwyn het nie. Dit is egter baie moontlik dat ek dit ingeasem het. 'n Draadtang kan nogal hard val.

**Gevolg:** 'n Mens kan verkoue opdoen deur te eksperimenteer. Ek het nog my haredos, maar dit is nou egter sinteties van aard (kwik laat 'n mens dus bles word). Tange wat val veroorsaak 'n swelsel, wat eers rooi, dan blou en uiteindelik pers word, met ander woorde, tange veroorsaak 'n ernstige kneuswond.

L.W. Skeinat-eksperimente veroorsaak 'n versteuring van die normale gang van 'n skoolgaande kind se brein en moet dus liewers vermy word. Vermy dus alle huiswerk, want watter vreeslike reaksie sal intree as ons so baie moet dink.

**Geëksperimenteerde Hydrargyrum**
**9C**



*Theuns Ligtheim, André Jooste en Theodore Roos, wat die kamp bygewoon het.*

## BAASVERKENNER-TOETSKAMP TE PIENAARSRIVIERDAM 11 – 14 MEI 1972.

In die verkennerlewe van die Voortrekker kan hy homself onderskei deur Baasverkennerskap te verwerf. Dit is dan ook die hoogste toekenning wat die verkenner in kommandowerk kan kry.

Die toetsing vir hierdie Baasverkennerskap het dan ook vanjaar vanaf die 11de tot die 14de Mei by Pienaarsrivierdam plaasgevind. Afdelings soos nasietrots, dril, landsake, kaartwerk, kamplewe, opleiding van juniors en nog baie ander afdelings is getoets. Die klem is voortdurend op leierskap geplaas en elkeen moes deeglik bewys lewer van sy of haar vermoë.

Volwasse take soos godsdiensoefening, kamporganisasie is aan die verkenners oorgelaat. Daar het ook voortdurend 'n baie aangename gees geheers.

Aan die einde van die kamp is daar op grond van bekwaamheid en verdienste 'n aantal Baasverkenners as Hoofleiers gekies, en uit hierdie groep is daar 17 President-verkenners aangewys. Voorwaar 'n prestasie!

**Tydens hierdie kamp het Affies as Presidentsverkenners gekwalifiseer. Hulle is André Jooste en Theodore Roos. Baie geluk.**

## ONS OUD-LEERLINGE PRESTEER

**Butch van Wyk:** In 1970 het hy vir die Noord-Transvaal Skolespan gespeel. In 1971 het hy gereeld vir die Noord-Transvaal O/20's uitgedraf en vanjaar maak hy sy debuut in provinsiale rugby deur vir Noord-Transvaal B teen Wes-Transvaal te speel. Hy het 'n leeue-aandeel in die span se oorwinning gehad. Mooi so Butch!

**Deon Joubert:** Nog 'n oud-Affie wat deesdae die kalklig steel met skitterende tennis. Sy kanse is uitstekend om binnekort Springbokkleure te verwerf.


Benewens bogenoemde twee is daar nog baie ander oud-leerlinge wat hulself op hul onderskeie gebiede onderskei (bv. Tonie Roux). Ons gelukwensinge ook aan mnr. Frank le Roux, seun van Affies se eerste hoof, met sy herkiesing tot nuwe L.V. vir Brakpan.

Affies is die wêreld vol, en so lank as wat dit so is weet ons ons en ons toekoms is veilig!


- Ons sny en sit ruite in
- Gas-vulstasie
- Ons herstel grassnyers
- Ons maak skerp wat stomp is
- U word vriendelik genooi om ons te besoek vir al u verf-, ysterware- en bouersbenodigdhede en tuingereedskap.

**MONUMENTPARK VERF- EN YSTERWARE**

**Springboklaan, Monumentpark**
**TEL.: 78-6284**



*Ons puik bestuurspan: V.l.n.r. J. de Kock, A. Meintjies, C. de Kock, H. Pretorius en J. von Wielligh.*


**BROOKLYN HARDWARE**

FEHRSENSTRAAT 509
NU MUCKLENEUK

TEL.: 78-3650

ALLE TUIN- EN HUISBOUBENODIGDHEDE


## BESTUURSPAN PRESTEER PUIK

Die besigheidsbestuurspan van A.H.S. het vanjaar geskiedenis gemaak deur die eerste Afrikaanse skool te wees wat die Transvaalafdeling van die reeks wen. In 1971 het Affies die semi-finaal gehaal.

Vanjaar se span het egter skoonskip gemaak deur eers die Noord-Transvaal-afdeling te wen, daarna die Transvaal-afdeling en dus vir die finaal kwalifiseer teen die wenners van Kaapland en Natal.

Die wenner van hierdie botsing sal die Suid-Afrikaanse kampioene wees en sal 'n skild verower van die Nasionale Raad vir Geöktrooieerde Rekenmeesters, wat die wedstryd reël. (Met ons ter perse gaan was die uitslag nog nie bekend nie).

Die span bestaan uit: H. Pretorius (besturende direkteur) C. de Kock (Sekretaris), A. Meintjies, J. von Wielligh en J. de Kock. Mnr. H. Smit is hul organiseerder. Baie geluk, kêrels!

## KNOCK-KNOCK

Knock Knock,
Who's there?
Esmé,
Esmé who,
Esmé hare mooi vanaand?

## TENNIS

Verlede jaar het ons skool sy tennishoogtepunt bereik toe een van ons skool se eerstespanlede, Deon Joubert, gekies is as juniorspringbok om saam met Bernie Mitton, ook van Noord-Transvaal, Suid-Afrika in Amerika te gaan verteenwoordig. In Amerika het hulle aan die „Orange Bowl" en „Coffee Cup", en nog ander kompetisies deelgeneem, om met nie minder as twee dubbelspeltitels terug te kom nie, sonder om een dubbelspelwedstryd te verloor. Deon is ons skool se tweede juniorspringbok in tennis, naas Rayno Seegers, en het 'n goue medalje van die BP-petrolmaatskappy ontvang vir die beste juniorspeler in die land. Ons het alle vertroue dat Deon in die toekoms nog volle Springbokkleure sal verwerf.

Gedurende die Aprilvakansie is die Noord-Transvaalse junior Tenniskampioenskappe beslis, waarin Tienie Prinsloo hom goed van sy taak gekwyt het. Alhoewel hy nog in die 0/16 afdeling speel, het hy in aldrie die finale: enkels, dubbels en gemeng in die 0/18 afdeling gespeel en saam met Bernie Mitton die dubbelspeltitel verower. In die 0/16 afdeling het Cuan Neethling goed presteer om die semi-finale in aldrie die afdelings te bereik. Wouter Labuschagne het in hierdie afdeling ook goed presteer.

Ons skool se 0/15 tennisspan is vanjaar baie versterk deurdat Ian Duvenhage en Johan Kriek by ons aangesluit het. Hulle albei het in die 0/14 afdeling gespeel en het teen mekaar te staan gekom in die semi-finaal. Ian Duvenhage het die oorwinning gesmaak deur sy spanmaat met 6/3, 6/4 te klop. In die finaal het hy ongelukkig in drie strawwe stelle verloor. Johan Kriek het weer die dubbelspeltitel saam met D. Greighton ingepalm. Ian Duvenhage en Johan Kriek sal vir ons Affies nog baie werd wees en ons hoop dat hulle so sal aanhou en bo sal uitkom. Daar was nog 'n klomp ander spelers wat goed gevaar het en ons naam hoog gehou het, soos Marius Lots, C. Vermeulen, L. Jonck, H. Neethling, D. Labuschagne en K. Visser.

Die skoolliga sal hierdie kwartaal begin en ons weet dat dit goed sal gaan in die bo-vyftien sowel as in die onder-vyftien afdelings. **J. Theron.**


*Met komplimente van:*

NEW MUCKLENEUK SUPPLY STORES
handeldrywende as

**GINSBERG'S**

Bronkhorststraat 219,
New Muckleneuk.

## ENGELSE DEBAT

Die Engelse debat is op 19 Mei in Affies se skoolsaal gehou met die interessante besprekingspunt: Is genadedood wenslik of nie? Die besprekings het plaasgevind tussen die standerd neges wat daarvoor was en die matrieks daarteen.

Die program is ingelei met 'n vasvra-wedstryd tussen die neges en matrieks wat eersgenoemde net-net gewen het.

Na pouse het die besprekings begin met C.P. Rabie, die probleemsteller, wat net 'n algemene oorsig gegee het.

Die matrieks se hoofrede hoekom hulle daarteen was, was deurgaans dat dit moord is en dat God ons ook daartoe verbied. Hoe groot 'n persoon se lyding ookal mag wees en dit weliswaar al oplossing is, is dit nogtans moord en een spreker het selfs so vêr gegaan om te beweer dat as dit wettig sou wees, ons dit dalk sou toepas op die oues van dae en die met 'n I.K. van 40 en minder as gevolg van die huidige bevolkingsontploffing. Hy het dit toe daar gestel dat ons eendag miskien 'n wêreld sou vind met byvoorbeeld geen mense oor die ouderdom van sestig nie.

Die standerd neges se hoofredenasie was dat dit alleenlik toegepas word om mense van lyding en pyn te verlos of as daar gesien word dat niks meer vir iemand gedoen kan word nie. Dan sou 'n genadedood wenslik wees. Sal graag wil hoor wat dink die lesers en leseresse! Laat hoor van julle!!

Die matrieks het wraak geneem en toe daar tot stemming oorgegaan is, was die meerderheid van die gehoor teen genadedood.

Die aand was besonder suksesvol hoewel daar miskien meer vloerbesprekings kon gewees het.

---

## DIE CSV BEKLEE 'N EREPLEK IN ONS SKOOL

Het ons al 'n oomblik stilgestaan en gewonder hoe dit met ons skool gaan op geestelike gebied? Nou kom laat ek vir u bewys dat daar voortdurend 'n geleidelike herlewing plaasvind.

Kom ons kyk na die CSV-bidure tydens die langpouse op Maandae. Hoeveel vurige gebede het al van hierdie groepie opgerys vir hierdie herlewing? Het u al opgemerk hoeveel ekstra stoele Woensdae vir die CSV-vergadering reggesit moet word? Was u al in die Oos-Kerk en het u opgemerk dat talle vriende in groepe die eredienste bywoon? Het die vurige samesang in die Oos-Kerk u nie ook al getref nie?

Die seën van onse Here rus op ons en ons dank Hom daarvoor, want die werk van mensehande is dit nie.

Ons nooi julle hartlik uit na die CSV, want onse Verlosser het gesê: ,,Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee''.

**Konrad le Roux.**

---

## KNOCK-KNOCK

Knock Knock,
Who's there?
CBY,
CBY who?
CBY sy stertjie



*Willie Marais en Inus Sonnekus, ons redenaarspan, wat deurgedring het tot die finale in die Republiek.*

## REDENAARSKOMPETISIE

Dit is vir my en Inus Sonnekus moontlik gemaak om aan die bogenoemde kompetisie deel te neem, en in die proses waardevolle ondervinding en kennis op te doen. Hierdie kompetisie geskied op landswye grondslag, en tot op hierdie stadium het ons al teen vier ander skole meegeding. Hierdie skole is Menlopark, Staatspresident C.R. Swart, Nylstroom en Rustenburg, en elke keer het ons nog die oorwinning behaal.

Soos ek genoem het, het ons waardevolle ondervinding opgedoen. Uit hierdie ondervinding wil ek net graag enkele faktore noem, wat na ons mening, ons kans op sukses grootliks verbeter het.

Ek wil begin deur te noem dat goeie voorbereiding die alfa en omega van sukses is. Die kennis en agtergrondkennis van die onderwerp moet bogemiddeld wees, so nie bestaan die kans om in 'n mens se eie feite verstrik te raak. Dit gee ook aanleiding tot die volgende faktor, nl. selfvertroue, want dan bestaan daar nie 'n knaende onsekerheid oor wat op die verhoog gaan gebeur nie.

Vervolgens moet 'n mens ook vertroue in jou stof, jou kennis en jouself hê. Die eerste twee kan gedoen word deur goeie voorbereiding, die laaste een egter nie. Dit kan slegs gedoen word deur bv. voor die aand van kompetisie die toespraak voor 'n ander kritiese gehoor te lewer. In hierdie verband wil ons die betrokke seuns wat so geduldig geluister het, hartlik bedank. Ook die gedagte dat die hele skool agter ons staan, het ons die nodige geestelike selfvertroue gegee.

Nou kom ons by die verhoog. Hier is 'n aantal fynere tegniese puntjies waaroor boekdele geskryf kan word, maar wat baie nodig is, is om oortuigend te wees. Hitler het gesê . . . ,,Vertel leuens, maar vertel dit met die grootste oortuiging en die mense sal jou glo.'' Ons weet wat het Hitler daarmee behaal.

'n Baie noodsaaklike faktor, soms 'n beslissende faktor is die saak van toeskouers. Dit is in so 'n mate belangrik, dat ek dit wil waag en sê dat goeie ondersteuning byna noodsaaklik is vir goeie optrede en selfvertroue op die verhoog. In hierdie opsig wil ek weereens die betrokkenes bedank en sê dat hulle 'n groot aandeel in ons sukses gehad het.

Ten slotte wil ons as span net vir mnr. Ferreira en mnr. Terblanche baie dankie sê vir hulle reuseaandeel in ons sukses sover. Ons sal probeer om u, hulle en die skool nie in die steek te laat nie.

**Willem Marais.**


**NUWE BOEKE: LIGTE AANDETES**

Uitgegee deur Uitgewery Bezuidenhout, Rigillaan 51, Waterkloofrif, Pretoria.

LIGTE AANDETES is die jongste toevoeging tot Erina Bezuidenhout se resepteboeke. Bevat meer as 240 beproefde, maklike resepte. Soos volg ingedeel: maalvleis, vars vleis, oorskietvleis, lewer en niertjies, blikkiesvleis, wors, verskillende soorte vis, kaas, macaroni en spaghetti, eiers, mielies, aartappels, brood, rys, tamaties, allerlei. Prys R2.80.




**Telefoon 78-4099**

Pos asb. onmiddellik ............ eksemplaar/eksemplare.

My tjek/posorder vir R............ word hierby ingesluit. Voeg asb. 10c vir verpakking en posgeld per boek by. Bankkommissie op tjeks ekstra. (Geen K.B.A.).

NAAM: ............

ADRES: ............

............

JN 2 R 4/6/72





*Mevrou Tinie Vorster, ons Republiekdagspreekster, in gesellige luim saam met Mej. Holtzhausen, Mnr. Terblanche, Ester Snyman en C.P. Fourie.*

*C.P. Fourie oorhandig aan Prof. Sonnekus 'n blyk van waardering na sy reeks praatjies oor studiegewoontes.*

## MY DROOM-HELD

Elke meisie het sekere idees oor haar ideale ou, gelukkig dat almal nie van dieselfde soort ou hou nie, want ek wil nie dink wat die gevolge van so 'n toestand sal wees nie. Waar party meisies die Don Juan-tipe verkies hou ander weer van 'n meer intellektuele ou. Ek persoonlik hou van 'n ou wat min of meer dieselfde belangstellings as ek het, sportief is in sy optrede en 'n wye kennis en belangstelling het in alle dinge rondom hom veral sport. Hy moet ook aktief in een of ander sportsoort deelneem en alhoewel hy my intellektuele meerdere moet wees, moet hy van uitgaan, partytjies en bioskoop hou — ook van popmusiek en ,,underground''.

My droomheld moet ten minste twee duim langer as ek wees, skraal gebou en baie manlik. Hy moet by sy beginsels kan bly en nie op al my versoeke ja en amen antwoord nie. Met ander woorde, hy moet my goed laat verstaan dat hy die een is wat die baas is en die toon aangee, sonder dat hy my persoonlikheid totaal dooddruk en my domineer. Hy moet 'n goeie sin vir humor hê, vol grappies wees sonder dat hy dit doelbewus probeer wees. Ook moet hy opwindend wees om mee te gesels en nie wanneer hy jou telefoneer niks hê om te sê nie en van jou verwag om die gesprek te laat vlot nie. 'n Ou moet weet dat hy die gesprek aan die gang moet hou. Hy moet ook nie so vinnig mompel dat jy gedurig vir hom moet vra wat hy gesê het nie en lateraan maar stilby omdat jy al so 'n groot gek voel omdat jy nie kan hoor wat jy sê nie. Ouens kan ook maar dadelik sê wie dit is wat praat en nie vir jou in die verleentheid stel deurdat jy moet raai nie, of aanneem dat jy weet wie dit is nie.

Wat kleredrag betref, hou ek daarvan as 'n ou volgens die nuutste modes aantrek, byvoorbeeld klokbroeke en T-hemde. Die ou moet egter nie te gesteld wees op sy voorkoms nie. 'n Paar dinge waarvan ek glad nie hou nie wat die kleredrag betref, is wit sokkies by 'n swart langbroek, 'n ,,wetlook'' broek en juwele soos ringe en fyn kettinkies.

'n Ou wat vreeslik daarop let dat sy taalgebruik suiwer Afrikaans is, en met hoogdrawende Afrikaans praat, kan ek nie verdra nie. Wat my egter ook heeltemal afsit is spreekwyses soos ,,I dig you'' ,,that's groovy'', of ,,Cool it Babe''.

My droomheld moet ook weet hoe 'n mens korrek aantrek en nie byvoorbeeld met 'n das na 'n partytjie gaan of op 'n Sondag vir my kom kuier met 'n kortbroek sodat ek my doodskaam vir wat my ouers sal sê nie.

Sy hare moet ook lank wees, of liewer, so lank as wat die skool dit toelaat of nog 'n bietjie langer en hy moet ook gewild wees by sy maats.

Gelukkig is my beskrywing van 'n ideale ou nie alle meisies sin nie — so as party ouens van wit sokkies of korthare hou, moenie neerslagtig wees nie, want heel moontlik is daar baie meisies wat van my verskil en ook daarvan hou.

**Susara van Blerk.**


## WEN 'N HONDA S.S.50 G.T.

Bereken slegs hoe lank hy, in STILSTAANDE posisie, sal luier met 300 c.c. petrol (ongeveer 'n 1/3 van 'n liter).

NAAM: ..........................................

ADRES: ..........................................

..........................................................

TEL. ..............................................

TYD: ............ MIN........ SEK...........

Pos u inskrywing(s) saam met 30c. (posorder of kontant) aan:

Die Organiseerder,
Parkstraat 976,
Arcadia,
PRETORIA.

L.W. Sluitingsdatum: 30 Sept. 1972. Geld kan ook saam met inskrywingsvorms oorgedra word in tydelike klaskamer nr. 310 (A.H.S.) gedurende kort pouses.


## LITTLE JACK HORNER (MODIFIED)

Jack Horner Minor
Sat in a mural intersection
Masticating pastry.
He inserted his thuma dexter
And extracted a delectable fruit;
And exclaimed:
,,What a prodigious Homo sapiens am I!''


## THREE BLOND MICE (MODIFIED)

A trio of sightless rodents;
Observe how they perambulate
They all persecute the agricultural's spouse
Who amputated their posteriors with a kitchen utensel.
Have you ever witnessed such a phenomenin in all your life
As a trio of sightless rodents?

**Fleur de Wet — 9A.**


## KNOCK-KNOCK

Knock Knock,
Who's there?
Sim
Sim who?
Simba.





*Die beulorkes in aksie tydens mnr. Botha se afskeidsparade.*



*„Sal ons ou kennisse ooit vergeet . . . " Ons neem afskeid van mnr. Botha.*

## POPULÊRE MENING OOR DIE KADETTE

Ons sit styf teenmekaar op die pawiljoen. Reg voor my sit 'n paar van die skool se ,,liberaliste". Aan aanmerkings sal dit vandag nie ontbreek nie. Die geleentheid? Die parade-plegtigheid ter ere van mnr. Botha.

Toe die orkeste op die toneel verskyn, begin dit:

,,Ou Spekkies trek darem sy bors hoog op vandag hê?"

,,Ja, maar hy ken sy storie met daai stok van hom, sowaar!"

,,Daar kom die erewag nou — lyk nie sleg nie."

,,Wat meen jy, hulle is gelyk."

(Die parade het intussen gehalt en gerig).

,,Ag, tog nie alweer ou André Smit nie!"

,,Hy doen dit goed, la'k jou dit vertel."

,,Dis waar, ja. Heel professioneel."

(Tydens die inspeksie-seremonie en die ander plegtighede het 'n eerbiedige stilte geheers. Toe het die erewag met 'n uitstekende beweging vorendag gekom).

,,Jislaaik, hoe hou jy daarvan?"

,,Gits Frits!"

(Gedurende die verbymars was dit weer stil. Meeste van ons het 'n knop in die keel gekry).

,,Nee wat, ons erewag is op die bol!"

,,Dit kan jy weer sê!"

My aanhalings is nie honderd persent korrek nie, maar dit gee ons tog 'n idee van die openbare mening.

## SKREEUENDE FIETSLOODS

Die Affies ploeter aan deur die modde(r)
Die watervloed help hul van agter af mee.

Dit het gereënt en al wat 'n Affie is swem,
want die water is kniediep hier opgedam.

Hier gly 'n man, daar val 'n tas,
in die modder sit 'n derde een vas.

Die water kom, ek hoor die gedruis,
waar is al die beloofde gruis?!

**Spatsel**




# Ken u al die voordele van 'n Volkskas-spaarrekening?

'n Volkskas-spaarrekening is u eerste stap na finansiële onafhanklikheid. Sit elke maand 'n bedrag opsy — en u sal verbaas wees hoe gou dit aangroei. Boonop verdien u spaargeld die heeltyd rente.

Met u spaarboekie in u hand kan u dwarsdeur die land — by meer as 500 kantore — instap en sonder vooraf kennisgewing tot R100 trek. U is verlos van handevol kontantgeld wat kan voete kry. Wat 'n groot gerief as u op reis of met vakansie is!


Dis maar een van ons bankdienste. Daar's nog bykans 40 ander.

ARBEIDSAAMHEID

**VOLKSKAS**
BEPERK
(Geregistreerde Handelsbank)

**Die Bank vir alomvattende bankdienste.**
Meer as 500 takke dwarsdeur die land.
Verteenwoordig in 300 wêreldstede.

VZ 72/2815/5




## LIEFIE SE HOEKIE

BESPREEK AL U PROBLEME MET LIEFIE EN SY SAL PROBEER OM U RAAD TE GEE.

PROBLEEM 1.
Liewe Liefie,

Ek is 15 jaar oud. Ek gaan uit met 'n man van 55, maar ek hou eintlik meer van sy seun. Hy is nou 35. Ek weet nie wie ek moet vat nie, want die pa het baie geld en die seun is baie mooi. Nou die dag toe loop ek die seun se seun raak. Baie opdringerige mannetjie, maar aan die anderkant het die ou baie sagte lippies wat hom onweerstaanbaar maak. Ek het nou al baie nagte geslaap oor die sakie, maar ek weet nog steeds nie met watter een van die drie ek moet trou nie. Ek sal daarvan hou dat jy my brief persoonlik beantwoord omdat my maats vreeslik snaaks sal dink as hulle hierdie brief sien.

*Liewe Babsie van Baberspan,*

*Eerstens moet ek jou teleurstel. Dié briewe kan nie persoonlik beantwoord word nie want ek mag nie privaat korrespondeer nie. Nou omtrent jou probleem, jy lyk vir my na 'n baie gewilde meisie. As ek jou mag raadgee, trou met die ou man. Hy is tog binne 20 jaar dood en jy erf al sy geld. As jy aan my 'n 20 sent posorder stuur, sal ek so spoedig moontlik die spesiale arseenvergiftingsresep aan jou stuur. Onthou net, ek is baie lief vir troues en veral vir die resepsies.*

PROBLEEM 2.
Getroue ou Liefie,

My naam is Donkielina. Ek weet nie hoekom noem hulle my so nie. My ore is tien duim lank, en so nou en dan bulk ek. Jy weet, ek is hierdie jaar 'n sessie en nou kyk die matrieks nie na my nie. My hare is rooi en ek het baie sproete. Ek wonder hoekom sê party mense dat ek nie eens 'n vark sal kang vang nie.

*Liewe Donkielina van Donkerspoort,*

*Ek glo nie daar kan iets aan jou naam gedoen word nie, maar ek dink die naam pas jou besonders goed. Dit moes nogal 'n intelligente dominee gewees het wat jou gedoop het. Donkielina, het jy al ooit na jouself in die spieël gekyk en veral na jou bene? Kyk 'n slag goed, hoor, en dan sal jy sien hoekom jy nooit 'n vark sal kan vang nie. Maar moenie hartseer wees nie. Varke is in elk geval deesdae maar skaars om te vang, net jammer dat jy miskien wielbelasting sal moet betaal.*

PROBLEEM 3.
Liewe Liefie,

Ek het 'n baie groot probleem. Ek is vreeslik eensaam. Gevolglik skryf ek toe aan „Hoekie vir Eensames". Nadat ek 'n foto van die man (hy is al bietjie aan die ou kant) ontvang het, het ek hom dadelik huistoe genooi. Hy het glo al ses vrouens onder die grond. Nouja, hy het so 'n weglê-snor. Dis nes 'n kondensmelkblikkie, hoe langer jy hom suig, hoe lekkerder word dit. Ongelukkig is ek nie die enigste een wat so dink nie, my ma ook. Wat moet ek doen, want ek wil hom graag behou! My ma sê sy wil hom hê want hy is oud genoeg om my pa te wees.

*Liewe Eensame van Eeendevlei,*

*Ongelukkig word veelwywery nie toegelaat nie, anders was die probleem opgelos. Eerstens wil ek weet wat hierdie vryer se adres is, want ek wil ook graag sy „weglê-snor" uittoets. Dink jy dis raadsaam om met hom te trou terwyl hy alreeds ses vrouens onder die grond het? As jy so graag wil briewe skryf, ek is ook nog hier.*

Geagte Redakteur,

Ek wil net graag die skool baie bedank vir die aanskaffing van elektriese verwarmers in die tydelike klaskamers. Dit is 'n baie groot verbetering en die rookwolk wat eers oor Lynnwoodweg gehang het en die verkeer belemmer het, het verdwyn.

Baie dankie,

**ANTI-ROOK**

Die Redakteur,

Affies is 'n bak skool. Ons het 'n goeie gees en neem byvoorbeeld die dag teen Boys High en Menlo Park. Ons was in ons honderde daar om ons span en skool te ondersteun. Hou so aan Affies.

**NOG 'N AFFIE.**

**Geagte Redakteur,**

Affies is 'n seunskool en soos dit al die jare was, maar nou aan die kwyn is, was daar 'n besondere band tussen onderwysers en seuns. Ek sê hierdie band is besig om te kwyn as gevolg van 'n euwel wat sy kôp uitsteek. Ek verwys hier na die gehate en veragtelike strafregister.

Vroeër as daar probleme was is die sakie gou in die klas afgehandel en 'n seer sitvlak het gesorg dat dieselfde misdaad nie weer gebeur nie. Die sakie was afgehandel en die onderwysers het geen grief teen die leerling gehad nie en ook anders-om.

Die nuwe reëling van strafregister laat egter veel te wense oor. Ons name word vir oortredings (klein en groot) in die strafregister geskryf en bly soos 'n swaard oor ons koppe hang. Dit versteur die goeie verhouding wat daar vroeër was. Kan ons nie maar terugkeer na die goeie ou pakslae nie?

**PRO-LAT.**

Geagte Redakteur,

Hoewel ons 'n tradisievaste skool is, waarom moet ons nog dieselfde ou kreet hê? Toentertyd het die Affies hom geskreeu maar tye het verander, hoekom verander die bewoording van ons kreet nie dienooreenkomstig nie?

Nie lank gelede nie, het ons verneem van Keiser Haile Selassie se verklaring dat hy terroriste teen Suid-Afrika steun. Waarom moet ons nou sy naam luidkeels toejuig? Ons Volk staan ook nie meer onder koningin Elizabeth die 2de nie. Ons is nou mos onafhanklik! Waarom moet die kreet dan lui: „Liesbet die tweede skreeu vir die vrede"? Nog 'n sin wat my grief is: „Waarom sê die wêreld so?" Dit het hoog tyd geword dat ons Volkie moet doen wat reg en goed is, eerder as om die vyandig gesinde wêreld te bevredig. Dink u nie ook 'n nuwe kreet is nodig nie? Daarom sluit ek met: Staan vas! Laat daar lig wees

**J.G.R. KRITIEK**

Geagte Redakteur,

Ek wil in hierdie brief pleit vir my mede-swemmers. Dit is hierdie jaar die tweede keer vandat ek in Affies is dat daar sommer groot geld gekollekteer word. Die vorige keer is ons atletiekbaan opgeknap en ook 'n nuwe pawiljoen is opgerig. Daar is egter niks gedoen om die swembad te verbeter nie. Die owerheid het ook 'n rukkie gelede aangekondig wat aangebring gaan word met die geld wat met die Kermis-poging ingesamel gaan word. Nêrens is egter iets gemeld van die swembad nie.

Moet ons dan altyd maar aankarring in 'n swembad wat, (in die lig van rekords gesien), nutteloos is?!!

Die uwe,

**PRO-SWEMBADVERBETERING**

## KNOCK-KNOCK

Knock Knock,
Who's there,
Hooroe,
Hooroe who,
Hoeroe blaf Simba.

## MY IDEALE MEISIE

My ideale meisie moet voldoen aan die twee v's — vriendelikheid en vroulikheid. Tog wil ek haar eienskappe in twee kategorieë indeel. Die innerlike en uiterlike.

Ek begin by die innerlike — haar karakter, wat as die belangrikste vereiste genoem kan word.

Sy moet intelligent kan gesels. 'n Wye algemene kennis help baie hiermee, en maak haar geselskap interessant. Dit gee meer kleur aan 'n aand, veral die eerste. So hou ek ook daarvan dat sy vir my op 'n nie-oogmerklike wyse te kenne gee waarvan sy hou. Ek dink veral nou aan flieke. Dan moet sy ook selfstandig kan optree, maar tog nie die toonaangewende rol speel nie.

Sy moet entoeisasties wees en meedoen met dinge in verband met geleenthede wat aangepak of voorgestel word deur my. As ons dus in 'n groep uitgaan, moet sy nie teruggetrokke wees nie, en as ek 'n partytjie reël, moet sy lekker help daaraan.

Haar belangstelling tel baie. Ek waardeer dit baie as sy van my rugbywedstryde bywoon, my ondersteun, opgewonde raak en na afloop van die wedstryd vir my inwag. 'n Gelukwensinkie sal goeie afronding wees, mits my spel dit regverdig.

'n Tikkie ernstigheid en astrantheid van haar kant, bring 'n bietjie meer lewe in haar karakter, maar sy moet daarteen waak om nie die gesellighei te strem nie. By ernstigheid meen ek nou nie die verhouding nie, maar wel die formaliteit.

Op dié ouderdom sal ek dit verkies om nie ernstig te raak met die verhouding nie, behalwe as sy regtig iemand spesiaal is. Haar maniere moet goed wees. Om my een of twee maal te bedank omdat ek haar eerste kans gegee het by die deur is voldoende, en sy kan gerus wag totdat ek die motordeur vir haar oopgemaak het, maar sy moet nie hiervan 'n gewoonte maak nie.

Dit bring my dan by my ideale meisie se uiterlike houding en kleredrag. Die eerste vereiste hier is dat sy 'n mooi en aantreklike figuur moet hê. Haar kleredrag moet modieus wees en die kleur moet iets wees wat by haar pas, tog skrik 'n modepop my af. Natuurlike, loshangende hare is die beste, alhoewel 'n modestyl, mits dit haar goed pas, haar meer aantrekliker maak. Op die jeugdige ouderdom kan die haarkapster liefs vermy word tot latere jare. Onthou, dit bespaar geld wat beter aangewend kan word. Soos byvoorbeeld jou ou vir 'n slag vir „fliek stick." Die mode-oorringetjies en 'n klein nek-hangertjie or ring is voldoende juwele. Ten laaste — 'n ligte reukwater is 'n goeie afronding en laat my altyd aan haar terugdink, soms verlangend.

**„Steeds Soekende"**

## ONNIES EN HUL MENINGS

Die volgende menings is van AHM se onnies gekry as antwoorde op die volgende vrae:

1) Wat dink u van die seuns van A.H.S.?
2) Wie is u geliefkoosde kunstenaar?
3) Wie is u held?
4) Wie is u gunsteling filmster?
5) Wie is u gunsteling skrywer?

**Mev. Van Niekerk: (Wiskunde)**

1) Seuns van Seunshoër; Oulike goedjies.
2) Geliefkoosde Kunstenaar: Beethoven (daar moet iewers 'n vangplek wees!)
3) My man.

**Mev. Schaëfer (Duits)**

1) Al wat ek weet is dat sommige met hulle fietse in die middel van die pad ry.
2) Liberace.
3) Barry Richards.
4) Akteur: Allan Bates.
5) Letterkundige: André P. Brink.

**Mev. Boardmann (Biologie)**

1) Aangename, hoflike seuns.
2) Beethoven.
3) My man.
4) Charleton Heston (Ben Hurr)
5) Rilke en Van Wyk Louw.

**Mev. Biermann (Engels)**

1) They are marvellous!
2) Well, I look on myself as a quarter of them, you know I taught art for seven years and studied at the Witwatersrand.
3) Oh, my husband.
4) Topol (Fiddler on the roof)
5) My old friend Shakespeare of course!

**Mev. Brits: (L.O.)**


1) Ken hulle nie.
2) Margo Fonteyn.
3) Julius Ceaser.
4) Alain Delon.
5) Leon Yuris.

**Mej Lemmer (Afrikaans)**

1) Daar is baie gawe ouens, maar hulle kan 'n groter bedagsaamheid aan die dogters toon.
2) Ek het geen spesifieke kunstenaar nie, maar ek hou van ligte, klassieke musiek.
3) Ek gaan geen filmster sê nie, hulle is almal 'n lelike klomp takhare. Gé Korsten? Ja, ek hou van sy stem.
4) Richard Burton.
5) N.P. van Wyk Louw — maar ek het 'n vreeslike afwyking Ek hou van André P. Brink se Essays.

## KNOCK-KNOCK

Knock Knock,
Who's there?
Anna,
Anna who?
Another Simba.

# METRO CYCLE FAIR

330 Kerkstr. Oos

ONS VERSEKER AFRIKAANSE HOËR MEISIES- EN SEUNSKOOL VAN ONS HEEL BESTE DIENS TE ALLE TYE!

ONS SPESIALISEER IN REISIESFIETSE. Ons staan bekend as handelaars in FIETSE, SPEELGOED en doen HERSTELWERK teen die billikste tariewe.

TAKKE:

Lynnwood Cycle Fair, h/v Roderick- en Acpineweg.
Les Marais Cycle Fair, Paul Krugerstraat 556.
Gesina Cycle Fair, Voortrekkerstraat 620.
Villieria Cycle Fair, Pierneefstraat 922.

10F Maak Bekend Die Koms Van:-
**DIE MAN VAN MARS –**
**– MARTINO DIE TOWENAAR!**
Sakkeroller . . . Gedagteleser . . .
Buikspreker . . . Goëlaar . . .
Kom sien al hierdie dinge –
– Vrydagaand, 28 Julie om 7.30
Skoolsaal van die A.H.S.

---

**TEN BATE VAN KERMIS. TE KOOP.**

(1) MODEL TREINSTELUITLEG. Gemonteer op 'n 8' x 4' houtblad – – Ongeveer 65 vt spoor. Transformator ingesluit. Versiering: Berge, Dorpe, ens. Skakel Hendrik Marx, Tel.: 78-3565.

(2) VOLKSWAGEN-ONDERSTEL. Ideaal vir Duine-Besie. Skakel Francois Vosloo, 78-5286.

---

**GROOT GELD TE MAAK!**

DRIE standplase in Lynnwood te koop. Aan die persoon wat vir 'n koper sorg R50; aan sy registerklas R100 en aan 10A, ook R50.

HIERDIE besonderhede geld vir elke erf. Standplase geleë te Bouvardialaan 1, 2 en 3 Groottes: 22,000; 24,000; 33,000 vk. vt. Prys R11,500 elk. Vir verdere besonderhede sien lede van die 10A1 klas.

---

**WEN 'N KOEDOE!**

'n Donasie van 20 sent wen vir u 'n koedoe òf R25,00.

Inskrywings by Mnr. Bezuidenhout, (A.H.S.).

Die wenner sal op Saterdag 19 Augustus bekend gemaak word.

---


KLOOF
KAFÉ

Groenkloof Winkelsentrum

Vir flinke en
vriendelike diens . . .

KLOOF
SUPERMARK

57 George Storrar,
Groenkloof.

GROENKLOOF
HARDEWARE

vir

Gereedskap, pale, vensters, ens.

Vir puik diens

FLO-ANDER

Droogskoonmakers-
Groenkloof Winkelsentrum


## STROOMOP OOR HARE OF OPDRIFSELS LANGS DIE PAD?

Ek het die volgende vraag aan 'n paar leerlinge gevra om 'n massamening oor die saak te verkry:

„Dink jy dit is opbouend vir ons om beperk te word ten opsigte van haarstyle soos die huidige haarreëls voorskryf?"

**C.P. Fourie:** (Hoofprefek): „Nee wat, mens kan nie die ouens sommer los nie. Daar sal altyd diegene wees wat misbruik maak van toegewings.

**Louis Hansmeyer:** (Koshuishoofprefek): „Dit is noodsaaklik en dit lyk beter. Kyk nou maar na die ouens daar by (hier het hy 'n bekende skool genoem). Hulle lyk sommer „terug"."

**Julius Bremer:** „Nee man, kom ons wees eerlik. Dis heeltemal te kort. Dit lyk simpel en dis boonop onnodig."

**Francois Odendaal:** „Wel, hoe sal ons nou sê? Jy sien, dit hang eintlik af van die ou self af. Letterlik gesproke doen dit mos afbreuk aan die ouens met lang hare!" . . .

## SKAAK

Ek wil begin by die negatiewe kant van die saak. Verlede jaar was daar ongeveer 40 skaakspelers. Aan die begin van hierdie jaar was daar 52 inskrywings en ons was baie hoopvol vir die jaar wat voorlê. Op die oomblik beskik die skaakklub maar oor 23 aktiewe lede en baie van hulle is glad nie so aktief as wat hulle behoort te wees nie. Wat het dan geword van die ander 29? Wil hulle nie maar ook kom nie? En die van julle wat nie jul name aan die begin van die jaar opgegee het nie, maar wat tog belangstel kan gerus ook kom. Dit is glad nie te laat nie en daar is oneindig baie plek vir nuwe lede.

Ons het vanjaar twee spanne ingeskryf vir die Pretoriase Skoleskaakliga (A- en B-afdelings onderskeidelik) en heelwat wedstryde is reeds gespeel, waarvan die uitslae onderaan verskyn. Hoewel 'n paar spelers van verlede jaar die skool verlaat het, het daar ook heelwat nuwe talent bygekom en het ons groot verwagtinge vir 1972.

'n Groot gedeelte van die sukses wat tot dusver behaal is, is te danke aan die ywer van mnr. Jelley en mev. Simpson en ek wil hulle bedank vir wat hulle tot nou gedoen het.

**Uitslae van Wedstryde**

L.W.: A.H.S. se punte verskyn eerste.

**1ste Span teen:**
Clapham High School: 6-4
H.T.S. Pretoria Sentraal: 9-1
Pretoria Boys High School: 3½-6½
Menloparkse Hoërskool: 6-4

**2de Span teen:**
H.T.S. Johan Voster: 3-7
Hillview High School: 1½-8½
H.T.S. Pretoria Tuine: 6-4
Lyttelton: 3½-6½

**J. von Willich (9F2)**

## KNOCK-KNOCK

Knock Knock,
Who's there,
Consumption
Consumption who?
Consumption be done about all the Simbas?

## SKAAKKLUB A.H.M.

Vir die eerste keer in 'n lang tyd, het A.H.M. hierdie jaar weer 'n span ingeskryf vir die B-liga skole kampioenskappe. Al hoewel ons tot dusver nog net een wedstryd gewen het, geniet al die speelsters dit terdeë en probeer steeds op vorige uitslae verbeter. Die kompetisie is egter styf en ons opponente is altyd seuns wat van nature die sterkere vat in die skaakwêreld is. Slegs in die wedstryd teen Girls High was ons van die staanspoor af op gelyke voet.

Die volledige uitslae tot dusver is soos volg:
A.H.M.: 0 Menlopark: 10
A.H.M.: 3 C.R. Swart: 7
A.H.M.: 6 Girls High: 4
A.H.M.: 3 Hillview: 7
A.H.M.: 1 John Vorster: 9

Ons het veral die wedstryd teen John Vorster baie geniet en het besluit om later weer vriendskaplik teen hulle te speel. Onder die bekwame leiding van mev. Bossert verwag ons om in die toekoms meer wedstryde in te palm en die skaakklub tot groot hoogtes te voer.

**Estelle Botha.**

## FOTOGRAFIE-KLUB VORDER

Onder die bekwame leiding van mnr. Forrest is 'n fotografievereniging vir die eerste keer in ons skool gestig. Die idee het groot byval gevind onder die leerlinge en gou het die aantal lede in die vereniging gestyg na ongeveer 40.

Ons weet almal dat dit nie 'n goedkoop stokperdjie is nie en om ons fondse te begin is daar besluit dat elke lid R4 ledegeld moes betaal. Hieruit, tesame met toelae afkomstig van die skool is daar dan ook apparaat gekoop wat alleen deur lede gebruik mag word.

Om die apparate te gebruik is daar egter 'n donkerkamer nodig wat ons nie gehad het nie. Toestemming is verkry om die ou koshuis se kombuis vir die doel in te rig en binne 'n paar dae was die saak afgehandel.

Daar is besluit om Dinsdaemiddae te vergader en gedurende hierdie tye het mnr. Forrest ons die basiese beginsels van fotografie geleer. Gedurende die praktiese klasse is ons gewys hoe om negatiewe te ontwikkel en ook hoe om foto's daarvan te maak. Dit het maklik gelyk maar gou het ons ondervind dat dit veel oefening verg.

Die doel van die vereniging is om liefde en belangstelling t.o.v. fotografie te wek, om die basiese en gevorderde kennis van fotografie by hulle tuis te bring en om fotografie as deel van die visuele onderwys te beklemtoon.

Daar word beoog om elke kwartaal 'n uitstalling te hê en die beoordeling sal deur bekwame persone geskied. Hierbenewens sal daar ook onder uitstallings van skoolbedrywighede wees waarvan die leerling fotos teen 'n minimale bedrag sal kan bestel.

Ons dra ons dank oor aan mnr. Forrest wat die stigter van hierdie vereniging is en aan mnr. Terblanche wat nooit geskroom het om die vereniging te help uitbrei nie.

# RUGBY

(Vervolg van bl. 1)

wedstryd name van uitblinkers uit te sonder is onmoontlik.

**Ons word 'n Rugbykrag:**

Saterdag 20 Mei 1972. Wonderboom kom speel op Affies. Weereens was die paniekerigheid sigbaar en ook tasbaar. Ons het gehoor wat Wonderboom die vorige week met 'n ander span gemaak het en gemeet aan hierdie uitslae, het ons stof tot nadenke gehad.

Dit was egter onnodig aangesien al ons spanne weereens goed gespeel het en daar deur sekere spanne pragspel gelewer is.

Die eerste span het duidelik getoon dat hulle 'n puik span is en tot groot hoogtes sal gaan. Die hele span het puik vertoon en die telling het dit weerspieël nl. 33-16. Iemand wat dit dubbel en dwars verdien om uitgesonder te word, is Etienne Hugo en was beslis goud werd vir die span. Hy kon net nie 'n fout maak nie wat Wonderboom tot misnoegdheid gedryf het. Voorwaar 'n puik speler.

**Boys High: SKOONSKIP!**

Op Woensdag 24 Mei was ons jaarlikse kragmeting teen ons ou „aartsvyande'' Boys High.

Daar is reeds verlede jaar begin oefen deur Boys High en toe ek Aprilmaand op Ponto du Ouro was, is daar reeds aan my gesê dat hulle slaggereed is en dat hulle uitsien om verlede jaar se sege te herhaal. Selfs in die Pretoriase koerante is Affies nie as die gunstelinge beskou nie en daar is beweer dat Boys High se agterlyn die beste in die skool se geskiedenis is.

Gedurende die „geesvang'' by die skool die dag, het vyftien bleekwit manne stil daar eenkant gestaan net om maar niks te sê nie. Dit was duidelik dat die spanning baie hoog geloop het.

'n Ander feit wat die manne aan laat kou het, was die feit dat meeste van verlede jaar se spelers nog op skool is en dus ook in die span opgeneem is. Verder is Ettienne Hugo die oggend in 'n ongeluk betrokke en kon hy dus nie speel nie. Konrad le Roux het sy plek ingeneem.

Dit het egter baie goed gegaan met al Affies se spanne, hoewel dit soms maar harde spel was en die spelers hard moes spook om besit van die bal. Deon Viljoen, vleuel van die tweede span, het die voorreg gehad om op die skoot van een van die tannies langs die lyn te beland.

Toe die twee bulspanne opdraf, was daar sowat 4 000 toeskouers teenwoordig, insluitende Piet Greyling, ons nuwe Springbok Kaptein.

Die wedstryd was hard en baie taai, dog baie skoon. Boys High het ons getoon hoekom daar so gespog is met die span en het Affies 'n paar benoude oomblikke besorg. Die telling het ook maar rondgespring en eers was dit Affies en dan Boys High en dan weer andersom. Boys High is egter op 'n stadium twee punte voor ons en kry 'n strafdoel binne trefafstand. Hulle besluit egter om nie te skop nie, maar om met die bal te hardloop. Dit was 'n fatale besluit want kort daarna is Affies in dieselfde posisie en Gerrie van Zyl maak geen fout nie en Affies loop voor 10 - 9 wat ook tot die einde, kort daarna, so gebly het.

Dit is onmoontlik om uitblinkers uit te sonder want die hele Affie-span het puik gespeel. Baie geluk ouens en mag hierdie jaarlikse instelling wat nou al tradisioneel geword het, net so voortgaan in die komende jare en die goeie betrekkinge tussen Affies en Boys High net verder versterk. Baie geluk Roy, jy en al jou manne!!

**MENLO-PARK: 17 - 7.**

Woensdag 7 Junie is dit Menlo Park wat die eer het om die bulspan van Affies te probeer klop. Daar is ook lank voor die tyd uitgesaai van Parkies se puik agterlyn. O ja, hulle het ook nog 'n provinsiale skakelpaar ook in die agterlyn in.

Weereens kon Ouboet aan sy jonger broer die vuis wys en hulle wys hoe rugby gespeel word. Soos ons beleid egter is, verloor een span gewoonlik nou net om hulle nie sleg te laat voel nie en hierdie keer was dit die 0/13 span se beurt. Dankie kêrels!

Selfs die Affies word bewus dat hulle 'n puik span het vanjaar want daar was meer Affies teenwoordig as Menlo Park ondersteuners. Ouens, ek verseker julle dat die manne julle ondersteuning hoog op prys stel en kom ons ondersteun hulle in die vervolg net so. Geen span kan enigsins iets bereik as hy nie ondersteuning en aanmoediging het nie.

Met die afskop was dit duidelik dat hier nog 'n harde stryd voorlê en dit was ook so. Menlo Park het in der waarheid die eerste helfte oorheers maar toe vat die wit truie van Affies die leisels in die tweede helfte vas en speel soos ons hulle al net op hulle beste gesien het.

Tot omtrent die helfte van die tweede helfte was die telling nog sewe elk maar toe besluit Roy Earle dat hy nou moeg is vir die spul en onderskep die bal en hardloop skoon onder Parkies uit. Kort daarna beweeg Parkies se gevaarlike agterlyn, maar Katvoet onderskep die bal en druk sy een van twee drië. Gerrie van Zyl vervyf en Affies loop 17 - 7 voor wat ook die eindtelling was.

Uitblinkers in die wedstryd was: Gerrie van Zyl wat werklik puik gespeel het. Abrie du Preez wat gewys het hoe om te haak. Kaptein Roy Earle, het 'n pragwedstryd gespeel en so ook Katvoet en Louis Hansmeyer. Jammer sy drie is nie toegeken nie. Spesiale vermelding aan L.M. Rossouw — jammer van jou arm, maar ons hoop hy kom gou weer reg want ons het jou nodig ou!

Aan die hele span egter: baie geluk kêrels, ons is trots op julle.

## HOKKIE

Tot op datum beleef die hokkie 'n voorspoedige seisoen. Met die oefeninge onder leiding van mejj. Bothma, Van Graan en Roeleveld gaan dit baie goed.

Wat die wedstryde betref: Daar stel die eerstespan die voorbeeld wat hy moet stel. Al ons wedstryde teen Girls High; Lyttelton Manor; Menlopark en Loretta Hillcrest het ons gewen of gelykop gespeel. Op die oomblik loop ons voor in die liga.

Die wedstryde van die tweede tot vierde spanne is baie geslaagd, alhoewel die uitslae wisselvallig is.

Aan die hokkie speelsters, veral die beginners, wens ons net die beste vir die seisoen toe. Onthou, hokkie is ingestel om in 'n goeie gees te speel en omdit te geniet.

Aan al die afrigters ons hartlike dank vir die harde werk wat hulle getrou verrig.

**Elizabeth Badenhorst**

## NETBAL

Wel gister het die ou liewe Menloparkies teen ons die Affies kom netbal speel. Ag ek het tog so jammer vir die Parkies gevoel want die Affies het net gestamp en gestoot en tog doeletjies gekry. Almal die juig en skreeu maar die Affies raak te slim en gooi net doele in. O, die Parkies is so poot-uit hulle weet nie wat gaan aan nie. Affies kan nie help nie, hulle moet doele ingooi.

Wel, die meeste Affies het gewen en tog was daar 'n paar Menloparkies, maar min! **Annemarié Fourie**

VIR DESKUNDIGE, FLINKE EN VRIENDELIKE DIENS: KOM NA

**BOET READ SPORT**

VOLLEDIGE SPORTUITRUSTERS

**TEL.: 3-1149**


Pretorium-deurloop 11

PRETORIA



*'n Titaniese stryd het tussen die deelnemers geheers tydens ons Boeresport.*

# AFFIES HOU BOERESPORT



Gemoedere loop hoog, die manne kom nie by mekaar nie!! Hoe gaan die byeenkoms ooit begin? Sake lyk dan of dit 'n aanvang neem as die toutrekspanne teen mekaar begin beur. Toeskouers stroom nader om die swetende manne in die moedige stryd aan te vuur, ongeag die klas wat die span verteenwoordig al wat skree is die omstaanders. (Maar eintlik moes hulle 'n onbepaalde aantal kommentators; agitators en aankondigers word smekende pleidooie gelewer om die betrokke deelnemers na die ander punte vir hul item te lok.) Dog te vergeefs.


Ja, dit is die boeresport, deel van Affies se Republiekfeesviering op Dinsdag 30 Mei. 'n Program was vir die byeenkoms saamgestel, alles vooraf gereël — maar dit het woes gegaan. Onderlinge wrywing tussen klasse is sondermeer met 'n troutrek op toutrek besleg. Die haanskop het menige meer persoonlike geskille uit die weg geruim.iToeskouers wat eintlik geskille uit die weg geruim het, hits die perderuiters aan om mekaar ten gronde te vel. 'n Bloeddorstige besigheid. Almal lag, almal neem deel, almal neem nie deel nie. Op sekere punte wag die beamptes mismoedig — wat is verkeerd dat die mense nie wil kom nie? Die eerste boeresport is 'n sukses!

Wat is 'n boeresport dan anders as iets wat vooraf beplan is, net om glad af te loop soos dit nie beplan is nie. Hiervoor het die Affies gesorg — hulle weet net hoe om lekker droog te maak. Daar was selfs 'n paar klasse wat geweet het hoe om met toewyding droog te maak. Hulle was dan ook die oorwinnaars van hulle onderskeie standerd-afdelings. Die deelname, so terloops, het geskied op 'n klasbasis. Al die klasse in dieselfde standerd het teen mekaar meegedin. Verskillende standerds is teen mekaar opgeweeg op 'n punte-basis. Hier het St. 7F as oorwinnaars uit die grap getree. Voorwaar 'n eer vir 'n junior klas. Om reg aan die koshuis, wat so 'n belangrike deel van ons skool uitmaak te laat geskied, het hulle as 'n afsonderlike groep in elke standerd opgetree en weldeeglik hulle merk gelaat.

Hoekom is die boeresport gehou? Om die skool se gees aan te wakker. Hoekom was dit 'n sukses? Die Affies se gees was reg!

Volgende jaar maak ons weer so!








*BO LINKS: Nog 'n drie vir Katvoet tydens die wedstryd teen Wonderboom!*

*MIDDEL: L.M. Rossouw (no. 12) help om vir Lyttelton ore aan te sit.*

*REGS: Die stryd van die reuse. Affies verneder Menlo Park 17-7.*

*ONDER: Gerrie van Zyl klits die bal netjies tussen die pale deur om Affies op die wenpad te plaas.*



# DIE TOER NA NATAL

Gedurende die April vakansie het daar 'n uiters geslaagde rugbytoer na Natal plaasgevind.

Vrydagaand, 24 Maart, het 19 gekose rugbyspelers tesame met mnre. Kruger en de Vos die trein bestyg en die volgende oggend het hulle in Pietermaritzburg aangekom. Dieselfde middag het die wedstryd teen Voortrekker Hoër daar plaasgevind.

Dit was by voorbaat 'n harde wedstryd en die Affies was nog lam in die bene a.g.v. die treinrit. Die wedstryd het gelykop geëindig 3-3. Konrad le Roux het die eerste punte vir die eerste span aangeteken met 'n strafdoel.

Die Sondagoggend is die span per bus na Durban waar hulle hartlik ontvang is deur die Port Natallers. Die span was baie beïndruk met die mense se gasvryheid.

Die lekkerlewe en die span se oormaat van selfvertroue was egter ook die hoofoorsaak van die neerlaag wat teen Port Natal gely is.

Ons span was heeltemal verkeerd ingestel toe hulle op die veld draf en het 9-14 verloor. Wikus Strydom het die eerste vier vir Affies se eerstes aangeteken.. Die laaste tien minute van hierdie wedstryd het duidelik getoon waartoe Affies in staat is.

Die volgende dag is die span na die Hoërskool Dirkie Uys en die neerlaag het die manne vasberade gemaak om te toon waartoe hulle in staat is.

Toe die span dan ook Woensdagmiddag op die veld draf was dit gou duidelik dat Affies daarop uit is om d e wedstryd met harde aanskoulike rugby te wen. Die skare is vergas met mooi hardlooprugby en voorspelerspel. Die eindtelling was dan ook 18-3 in ons guns.

Die sosiale aspek van die toer is natuurlik nie verwaarloos nie en, nou ja, mooi meisies was volop. In Pietermaritzburg was hulle gelukkig nie allen net te sien nie maar ook . . .

Nou ja, ons is almal vol vertroue dat ons eerste span vanjaar mooi wenrugby sal speel. Alle voorspoed vir die taak, ouens!